HOËRSKOOL WITTEBERG
HIGH SCHOOL

WELKOM...

Elke nuwe jaar by Witteberg bring keer op keer die interessante na vore. Daar is oomblikke van vreugde en geluk, sowel as geleenthede waartydens ons herinner word dat woestyne soms gekruis móét word. Wat egter tydloos bly, is die wete dat ons by Witteberg nooit alleen stap nie. Die staptog vereis ook 'n positiewe houding en harde werk.

Ervaring het ons egter geleer dat die harde werk wat jy insit om selfs die klein take van elke dag aan te pak, veelvoudig sal terugbetaal in die toekoms.

En selfs as jy nie rus in die koelte van die bome wat jy plant nie, sal jou kinders in respek en liefde terugkyk na die pad wat jy vir hulle gestap het wanneer die skadu's die warm dae afkoel en sagter maak. Solank die pad ook gestap word met integriteit en eerlikheid in die régte rigting.

At Witteberg we know our boundaries and compare ourselves to our own potential. Our proud academic history is proof of the standard that we set for ourselves.

Our learners know that respect is non-negotiable and humility is the only response in victory and defeat, whether it is on the sports fields or on stage. They have learned that no one should rob them of their joy.

Ons personeel het 'n kultuur gevestig waar elke kind raakgesien word. Hul toewyding tot die uitdgagings en pligte van elke dag vorm die fondasie waarop ons skool se sukses gebou kan word. Hul omgee en ondersteuning maak dit maklik om jouself te wees en koers te hou.

Wanneer die reis wel naby sy bestemming kom, sal jou spore duidelik uitbeeld waar jy getrap het. Daar sal draaie en kinkels wees. Daar sal oomblikke wees waar ons vertoef het en met 'n glimlag kon opkyk na die sterre, asook tye waar ons gedra is. Waar die vrag té swaar was vir alleen-dra.

Tog bly hierdie reis jaar na jaar vir ons 'n voorreg.

Hannes Oosthuizen, Skoolhoof

VOORWOORD

GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

Hoërskool Witteberg is gesetel in Bethlehem, in die Oos-Vrystaat. Die skool is gestig in 1945 as Bethlehem Hoër Handelskool en is in 1972 verander na 'n akademiese hoërskool met 'n nuwe naam, nuwe skoollied, nuwe skooluniform en nuwe doelwitte. Die naam van die skool is verander na Hoërskool Witteberg, met minder as 300 leerders. Hoërskool Witteberg het vinnig vooruitgegaan en hou sedert 1976 'n skoolrol van meer as 500 leerders. In 1983 is 'n nuwe skoolsaal, administratiewe blok en nog klaskamers in gebruik geneem.

Sedertdien is 'n kleinteater, tennis- en netbalbane, rugby- en hokkievelde, 'n astro-hokkieveld, twee klubhuise, 'n binnenshuise sportsentrum, gimnasium en fisioterapeutspreekkamer in gebruik geneem.

Die skoolkoshuis het vyf ten volle bewoonde vleuels met leerders van oor die hele land, een woonhuis en 'n vloot van ses busse.

Die skool het 830+ ingeskrewe multikulturele leerders en 'n personeel van 49 met 26 vakke wat in Engels en Afrikaans doseer word.
Hoërskool Witteberg bied 'n verskeidenheid sportkodes en kultuuraktiwiteite aan waarin spanne uitblink en talle provinsiale en nasionale sterre oplewer.

SKOOLLIED

Die berge se wit die groet ons van vêr,
Vannag kyk ons op as Bethlehem se ster.
Skyn oor my land en die Witteberg wit
Neem dan my hart en my trots in besit.
Ek ken mos die wind wat so koel oor die berg
Saans soos ‘n lied in die klowe kom sweef.
O, wat kan ‘n land dan meer van my verg
Dat als in my hart ‘n juiglied beleef.

Witteberg-wit wat die heuwellyn vlek,
Koringland-bruin wat ons bulte bedek.
Lang populier wat sy goud staan en sprei
O, dis ‘n land, dis ‘n Jeugland vir my!

AKADEMIE

BUITEVAKKE:
Ons probeer leerders akkommodeer ten opsigte van hul vakkeuses. By Witteberg is dit moontlik om 'n vak buite die blok te neem. Ons buitevakke word na-ure aangebied. Die volgende vakke kan buite die blok geneem word:

Visuele Kuns, Fotografie, Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Duits, Musiek, Dramatiese Kuns, Alpha-wiskunde. Alle buitevakke (alle vakke wat na-ure geneem word, ongeag sewende of ekstra vak) is onderhewig aan 'n direkte ooreenkoms tussen die leerder se ouers en die onderwyser verantwoordelik vir die vak. Dit sluit betalings, les-ure en datums van assessering in.

All additional subjects (subjects after hours as eighth or extra subject) are entitled to an agreement between the parents of the learner and the teacher responsible for the subject. This will include payments, teaching schedules and dates for assessment.

EXCELSUS:
Witteberg streef na akademiese uitnemendheid. Die Excelsus Akademie vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe is 'n unieke inisiatief om leerderpotensiaal van "goed" na "uitnemend" te verhoog.

Witteberg behaal jaarliks merkwaardige prestasies binne hierdie vakgebiede en word in 2017, 2019, 2021 en 2022 as die nommereen-skool in die Vrystaat vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe aangewys.

Hierdie diens is teen 'n uiters bekostigbare fooi per kwartaal beskikbaar. Klasse word weekliks op die Witteberg-kampus aangebied.

WITTEBERG AGRI

Jou Toekoms in Landbou.

Witteberg Agri fokus op die individu en berei leerders voor vir 'n naskoolse kwalifikasie in hierdie beroepsveld. Ons doel is dat elke leerder wat hierdie vakpakket neem, 'n relevante kwalifikasie verwerf en met selfvertroue 'n loopbaan in die landbousektor sal volg.

Die Landbousentrum beskik oor agt ten volle ingerigte stasies wat leerders in staat stel om praktiese projekte doeltreffend uit te voer. Hierdie stasies sluit onder meer swysmasjiene, bore, solderingstoerusting en slypmasjiene in. Verder het die skool 'n moderne, volledig toegeruste landboutonnel waar leerders praktiese ervaring in gewasproduksie en plantkunde opdoen.

Witteberg Agri bied die volgende vakke:

Landbouwetenskap	(Gr. 10 tot 12)
Landboutegnologie	(Gr. 10 tot 12)
Landboubestuurspraktyk	(Gr. 10 tot 12)
Landboustudies	(Gr. 8 tot 9)

AKADEMIE

Vakkeuses: Gr. 8 & Gr. 9

A	VERPLIGTE VAKKE / COMPULSORY SUBJECTS
1 2	**Afrikaans Huistaal + Engels Eerste Addisionele Taal** English Home Language + Afrikaans First Additional Language
3	**Wiskunde** Mathematics
4	**Lewensoriëntering** Life Orientation
5	**Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)** Economic and Management Sciences (EMS)
6	**Sosiale Wetenskap (SW)** Social Science (SS)
7	**Tegnologie** Technology
8	**Natuurwetenskappe (NW)** Natural Sciences (NS)
B	**KEUSE VAN VAKKE.** **Kies een van die volgende:** CHOICES OF SUBJECTS. Choose one of the following:
9	**Landboustudies** Agricultural Studies
9	**Verbruikerstudies** Consumer Studies
9	**Duits** German

OLIMPIADES:
Witteberg glo daarin dat leerders aan talle olimpiades deelneem. So word leerders aan die nuutste vakkennis blootgestel. Ons neem jaarliks deel aan die volgende olimpiades: Afrikaans, Engels, Duits, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Verbruikerstudies, Rekeningkunde, Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie en die Eskom Ekspo.

LSOB: Ons skool bied ondersteuning in alle vorme aan. Die LSOB-departement (Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes) verseker dat leerders hul akademiese doelwitte najaag en dat hul deur altyd oopstaan vir leerders met emosionele uitdagings. Die skool beskik oor gekwalifiseerde personeel wat hierdie afdeling behartig.

We offer sessions where different study methods are presented to learners, as well as brain dominance tests. Academics is our top priority!

Vakkeuses: Gr. 10 tot 12

A	VERPLIGTE VAKKE / COMPULSORY SUBJECTS	
1 2	**Afrikaans Huistaal + Engels Eerste Addisionele Taal** English Home Language + Afrikaans First Additional Language	
3	**Wiskunde** Mathematics	
4	**Wiskundige Geletterdheid** Mathematical Literacy	
5	**Lewensoriëntering** Life Orientation	
B	**KEUSE VAN VAKKE /** CHOICES OF SUBJECTS:	
Kies enige DRIE van die volgende vakke. **Slegs 2 van die 3 Landbouvakke is toelaatbaar.**		
Choose any THREE of the following subjects. Only 2 of the 3 Agricultural subjects are allowed.		
	Lewenswetenskap Life Sciences	IGO EGD
	Fisiese Wetenskappe Physical Sciences	Geografie Geography
	Verbruikerstudie Consumer Studies	Toerisme Tourism
	Ekonomie Economics	Landboutegnologie Agricultural Technology
	Besigheidstudies Business Studies	Landboubestuurspraktyk Agricultural Management Practice
	Rekeningkunde Accounting	RTT CAT
C	**Fisiese Wetenskappe mag slegs in kombinasie met Wiskunde geneem word.** Physical Sciences may only be chosen in combination with Mathematics.	
D	**Addisionele Vakke:** Die volgende vakke mag gekies word as 8ste vak, op voorwaarde dat jou gemiddelde persentasie bo 80% is. Toestemming moet wel hiervoor verkry word. Addisionele koste sal gehef word vir hierdie vakke, omdat dit na-ure aangebied word. **Additional Subjects:** The following subjects may be chosen as an 8th subject on the condition that an average of 80% is obtained. Permission needs to be asked in this regard. Additional costs will be charged for these subjects as it is offered after hours.	

IT	**Musiek**/Music	**Duits**/German
Drama Dramatic Arts	**Visuele Kuns** Visual Arts	**Landbouwetenskap** Agricultural Science

PERSEQUOR

SPORT

RUGBY

Witteberg spog met nege rugbyspanne, asook junior en senior sewesspanne. Al Witteberg se A-spanne toer jaarliks saam om die nodige voorbereiding te doen vir die komende seisoen.

Witteberg neem deel aan twee ligas: die Wesgrow Sentrale Skolereeks asook die Noord-Vrystaat Griffonsliga. Witteberg spog met ‘n pragtige klubhuis asook twee puik rugbyvelde.

Die skool het ook ‘n ten volle toegeruste kondisioneringsentrum waar ons spelers verseker dat hul fisies ontwikkel om elke wedstryd met hul volle potensiaal aan te pak.

Each age group has a minimum of three coaches qualified under World Rugby Level 1.

WITTEBERG

SPORT

NETBAL

Witteberg-netbal streef na die holistiese ontwikkeling van elke speler. Ons glo dat elke dogter haar volle potensiaal sal bereik deur hard te werk. Elke oefensessie op die baan en in die gimnasium word beplan sodat alle vaardighede, baanspel en spanwerk ontwikkel word. Dit is ook baie belangrik vir ons dat elke speler netbal ten volle sal geniet.

Witteberg boasts three beautiful courts, an indoor court and an amazing clubhouse. We are also proud to announce that we have a beautiful first-team locker room. This allows the team to get dressed, have tactical sessions and team talks.

Ons onderneem jaarlikse 'n netbaltoer met vyf van ons spanne. Hier word spelers ontwikkel en spanbousessies verseker vertroue tussen die spelers. Die afrigters bly op hoogte van die nuutste afrigtingstegnieke deur kursusse van topafrigters in Suid-Afrika by te woon. Dit is 'n verrykende ervaring en verseker dat ons dogters goed toegerus is vir die seisoen.

Die netbal kompeteer in twee ligas, naamlik die Oos- Vrystaat/ Griffonsliga en ook die Wesgrow Sentrale Skolereeks. Ons lewer jaarliks verskeie Vrystaat-netbalspelers op wat aan nasionale toernooie deelneem.

We are proud to have outstanding alumni: Corli Oberholzer, a former Protea player, and Jessica Nel, a former SA Schools player.

SPORT

HOKKIE

Witteberg-hokkie bied veel meer as net hokkie: Ons streef na uitnemendheid! Die skool spog met ‘n astrobaan, binnenshuise sportsentrum, asook ‘n puik grasveld. Witteberg se hokkiespelers word blootgestel aan uitstekende afrigting en jaarlikse toere vir al ons A-spanne.

Spelers word gekondisioneer in die kondisioneringsentrum. Ons spelers en afrigters kry die geleentheid om kursusse by te woon om hulle hokkiekennis te verbreed.

Ons neem aan die Oos-Vrystaatliga en die Wesgrow Sentrale Skolereeks deel. Hokkie-interskole teen topskole word jaarliks gereël om te verseker dat ons altyd ‘n uitmuntende standaard van hokkie behou.

Witteberg-hokkie is werklik ‘n leefstyl waar ons die gawe van harde werk bemeester, kameraderie bou en onvergeetlike oomblikke saam ervaar. Witteberg-hokkie spog met alumnilede Jackie Janse van Rensburg en Nepo Serage, wat in Suid-Afrikaanse hokkiespanne ingesluit was.

SPORT

KRIEKET
Witteberg bied seuns- en dogterskrieket aan. Ons is ook bevoorreg dat ons eerste en o.15A-span die geleentheid het om in die Noord-Vrystaat-liga en mededingende krieket teen skole vanuit Bloemfontein en Kimberley te kan speel.

Ons dogterspan dra vir etlike jare die kroon in die Thabo Mofutsanyana-streek en is tans die ligawenners. Die res van ons spanne speel in die plaaslike TBM-liga en op dié manier word aan elke krieketliefhebber die geleentheid gegee om deel te neem.

Hierdie ongelooflike spel het die manier om 'n mens nader aan die aarde te bring en jou te herinner aan die geleenthede wat 'n mens gegun word om 'n verskil te maak.

ATLETIEK
Witteberg-atletiek bied aan elke leerder die geleentheid om sy volle potensiaal te bereik. Deur atletiek leer leerders om in hul alledaagse lewe selfdissipline toe te pas. Die feit dat Witteberg se atletiekprestasies onder die top 4-skole in die Vrystaat is, is 'n bewys dat ons oor topafrigters beskik. Elke oefensessie in die gimnasium en op die baan word beplan om die atleet ten volle te laat ontwikkel.

Afrigters woon kursusse by om afrigting op die hoogste vlak aan te bied. Klinieke bied geleentheid om van professionele afrigters te leer.

At Witteberg we have a hammer throw, discus throw and shotput circle on the school grounds. Activities like hurdles and javelin are also practised. We provide transport for athletes practising at Goble Park Stadium.

We also give athletes the opportunity to compete in a variety of provincial competitions and in Top 20 meetings so that the athletes can compete against the best in the country.

titleist
PRO V1

SPORT

GHOLF

Witteberg-gholf neem deel aan die interskole teen ons buurskool wat jaarliks ‘n groot sukses is. Ons het vier seunspanne asook twee dogterspanne. Die hoogtepunt op ons jaarlikse kalender is toere na wêreldklasbane in die land, soos Zimbali en Durban Country Club.

TENNIS

Witteberg is gasheer vir die Marette du Toit-tennisakademie. Professionele afrigter Lyndon van den Haer is betrokke by die afrigting van die eerste spanne. Ons neem deel aan die Oos-Vrystaatliga. Spelers speel daagwedstryde om op die Witteberg- en/of Oos-Vrystaatranglyste te verskyn. Jaarliks vind interprovinsiale wedstryde plaas waartydens spelers ingesluit word in die Thabo Mofutsanyana- en Oos-Vrystaatspanne. Witteberg neem deel aan toernooie soos die gewilde Inter Afrika-hoërskoletoernooi. Witteberg beskik oor vier bane (twee met ligte) en ‘n klubhuis.

BUITESPORT

Fietsry, swem, karate, perdesport en vele meer, verdien erkenning. Alle buitesportuitslae word gemeet en teen ‘n gepaste kriteria getoets om volgens meriete erkenning te gee.

KONDISIONERINGSENTRUM

Hoërskool Witteberg beskik oor ‘n ten volle toegeruste kondisioneringsentrum. Hier skaaf ons sportspanne om te verseker dat hulle op hul beste is vir die seisoen wat voorlê. Met gespesialiseerde programme vir elke ouderdomsgroep verseker ons dat elke leerder sy volle potensiaal bereik. Ons is ook bevoorreg om hande te vat met Bertus Geldenhuis Fisioterapeute wat twee terapiekamers op die terrein het. Saam verseker ons dat ons leerders uitstaan bo die res.

KULTUUR

Hoërskool Witteberg bied 'n groot verskeidenheid kultuuraktiwiteite op die hoogste vlak van oefening, voorbereiding en deelname aan waaraan leerders kan deelneem. Om hierby betrokke te raak is om jou kindwees te verryk en jou menswees in geheel te ervaar.

We consider all activities important in each learner's capture of core values. Ons het 'n jare lange tradisie van nasionale prestasies op meer as een gebied: ATKV-Debat, ATKV-Redenaars en Tienertoneel.

Ons bied die volgende aktiwiteite:

- ATKV- Redenaars
- ATKV-Debat
- Con Spirito-Debat
- Tienertoneel
- Digitoneel
- Koor
- Eisteddfod
- Radikale Redenaars
- Voortrekkers
- ATKV-Jeugtak
- Musiek
- Dans
- Drama
- Kultuurtoer
- Kultuur Gala-aand
- Ausum ad Como – Monoloog– en Filmfees
- Die Witflits, Witteberg se eie skoolkoerant

We offer excellent facilities that support and fulfill the cultural needs of our learners:

- Lavinia Schabort Theatre
- Music rooms
- Culture room for Public Speaking, Debate, and other gatherings

Witteberg-leerders wat uitstaande Kultuurprestasies op 'n vereiste vlak behaal, kwalifiseer om ons unieke kultuurdas aan te koop en met trots te dra.

Kultuurdas


Die Koninklike Hoërskool
dien

VCSV

Ek slaan my oë op na die berge.
Waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Sy liefde omvou ons, soos Witteberg sy hande uitstrek na hul medemens.

Ons reik uit na elke leerder op ons kampus en ervaar omvangryke genade in ons Koninklike skool.

Ons vashouplek, anker en omgee vir mekaar – dit alles lê in ons kinderlike geloof.

Die VCSV vind plaas in groepsverband. Gassprekers besoek gereeld ons skool. Op hierdie wyse ervaar almal die hartklop, menswees en geloof in ons skool.

SOSIAAL

By Witteberg glo ons daarin dat ons leerders 'n gebalanseerde leefstyl moet handhaaf. Dus maak ons seker dat sosiale geleenthede gereeld aangebied word.

Leerders kan die volgende met oorgawe geniet:

Valentynsbal en –sokkie, Wintersbal, Mnr. en Mej. Witteberg, sokkies, geesvanggeleenthede, *Big Brag*, *Colour Festival*, graadbraai, matriekafskeid, konsertproduksies, kultuuraand, jeugpraatjies en Jeugweek.

WITTEBERGDRAG

Witteberg se beleid is dat die voorkoms van die leerders by ons skooluniform sal pas en dat dit 'n beeld van eenheid, netheid en trots in die publiek sal skep.

MEISIES
Skoolbaadjie, blou kortmouhemp, skoolromp, skooldas, sokkies, skooltrui (mouloos / langmou) , matriektrui (rooi mouloos / langmou), langbroek, langmouhemp, skoolserp en -wolmus, swart skoolskoene met gespe. Formele drag: Meisies is verplig om geruite romp met donkerblou ondeursigtige sykouse, skooldas en skoolbaadjie te dra.

SEUNS
Skoolbaadjie, kortmouhemp, skooldas, sokkies, skooltrui (mouloos / langmou), matriektrui (rooi mouloos / langmou), langbroek, langmouhemp, skoolserp en -wolmus, swart skoolskoene.

SPORTDRAG
Indien nie 'n deelnemer nie en slegs 'n ondersteuner, word leerders versoek om die chappieshemp, volle sportdrag óf skooldrag te dra.

ANDER
In baie koue weer mag die Witteberg-kombers gebruik word. Komberse kan by die kantoor aangekoop word.

KLEREWINKEL
Goeie, gebruikte skoolklere en die amptelike sportdrag is hier beskikbaar.
Die klerewinkel word van Maandag tot Vrydag tydens skoolure bedryf.

DISSIPLINE

Elke dissiplinêre saak word op meriete hanteer en die waardigheid van elke leerder word in die proses beskerm. Alle leerders weet dat hul gedrag onderhewig is aan die amptelike gedragskode van die skool wat in ooreenstemming is met die Suid-Afrikaanse Skolewet. As toepassers van hierdie kode weet ons dat leerders in die samelewing blootgestel word aan verskeie gevaarlike en hartseer situasies wat indirek aanleiding gee tot hul gedrag by die skool.

Daarom is dit allereers ons taak om die onderliggende rede tot die leerder se optrede te ondersoek alvorens daar enigsins dissiplinêr opgetree word. Hierdie benadering het al vele kere daartoe gelei dat Witteberg daarin kon slaag om verhoudings te versterk, eerder as om afbreuk te doen aan die integriteit van 'n leerder en bloot klinies op te tree.

Die volgende prosesse word deur ons dissiplinêre komitee gebruik:

- Pastorale gesprek
- Gedragskode van die skool
- Samewerkingsooreenkoms met die LSOB departement
- Detensieprosedures en verpligte middagstudies
- Kwartaallikse terugvoering aan ouers rakende hul kind se dissiplinêre rekord

LEIERSKAP

By Witteberg gee ons erkenning aan leerders wat die potensiaal toon om die leiers van die toekoms te wees. Ons leierskapstrukture bied die geleentheid aan leerders om op vele terreine leierskapsposisies te beklee:

- Studenteraad (Gr. 12)
- Uitvoerende komitee (Gr. 8 tot 11)
- Sportkapteine in verskeie sportsoorte
- Huiskomitee van die koshuis
- Leiers van verskeie kultuuraksies (ATKV-Jeugtak, koor, skoolkoerant)
- Tienertoneel-bestuur (Drama)
- Rasieleiers
- Leiers wat dien op die beheerliggaam van die skool

By Witteberg word leierskap demokraties bestuur soos deur die leerders verkies. Daar word jaarliks geleenthede gebied waartydens leiers blootgestel word aan opleidingsessies en gassprekers wat hul bemagtig met eienskappe wat tans deur die samelewing vereis word.
We prepare today's learners to be tomorrow's leaders.

DIE WITTEBERG-SKOOLBAADJIE

Personeelbaadjie

Skoolbaadjie

Leierskapbaadjie

Leierskap- & Platinumbaadjie

VISIE & MISSIE

VISIE
Elke kind ‘n meesterstuk.

MISSIE
Om elke kind holisties omhoog te lei en te ontwikkel sodat hulle hul regmatige plek, met sukses, in die samelewing kan inneem en ‘n verskil kan maak deur bepaalde waardes tot die samelewing toe te voeg.

Platinumbaadjie

Goue sakwapen

Silwertoekennings

WITTEBERG
HVF 003 FS

HUIS WITTEBERG

Huis Witteberg is ons koshuis wat huisvesting bied aan ongeveer 280 leerders. Die koshuis bestaan uit twee vleuels vir meisies en drie vleuels vir seuns. Die leerders ontvang daagliks drie maaltye van uitstaande gehalte. Die kamers en badkamergeriewe is netjies en modern. Die meeste kamers in Huis Witteberg is tweebedkamers, terwyl elke vleuel twee sesbedkamers insluit.

Leerders studeer in hul kamers onder onderwysertoesig en neem verantwoordelikheid vir goeie akademiese prestasies. Die oorsprong van Hoërskool Witteberg se samehorigheid en gees vind in Huis Witteberg plaas. Hierdie "koshuisbrakke" leef soos 'n familie saam en die band is onbreekbaar. As jy een keer die koshuisbrood geproe het, word jy soos 'n yster groot!

Huis Witteberg bied ook sy dienste aan dagskoliere. Hierdie is die perfekte diens om van gebruik te maak indien 'n leerder 'n voldag op kampus moet deurbring. Kom sluit jou skooldag af met 'n heerlike bord gekookte kos voor die middagprogram afskop. Hier skep ons ook vir jou ruimte waar jy gemaklik kan studeer en verseker die akademie raak nooit agter nie. Reëlings in dié verband kan met die koshuishoof getref word.

Huis Witteberg is sonder twyfel ons tweede tuiste!

BUSROETES

Witteberg bied op Maandae en Vrydae ekstra busroets om leerders van naburige dorpe veilig na en van die skool te vervoer. Hierdie diens verseker dat jy week na week kan terugkeer na die Witteberg-kampus.

ROETES	Warden	Newcastle	Reitz
Marquard	Kestell	Memel	Harrismith
Ficksburg	Frankfort	Vrede	
Fouriesburg	Kroonstad	Senekal	

HOËRSKOOL WITTEBERG HIGH SCHOOL
Tel: 058 303 5271, Hoek van Plein- en Kestellstraat,
Bethlehem, 9700 | witteberghs.co.za